Mfecane

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Die **Mfecane** (in ander Afrikatale ook bekend as **difaqane**, **lifaqane** en **fetcani**) was 'n tydperk van revolusionêre veranderinge, wydverspreide wanorde en oorlogvoering tussen die inheemse etniese groepe van suidelike Afrika wat sy hoogtepunt bereik het tussen die jare 1815 en 1830. Aanvalle deur die Zoeloes op hul buurstamme het 'n uitkringende effek gehad. Oorlewende stamme en in baie gevalle slegs individue wat deur Shaka se impi's aangeval is, het gevlug en tydens die vlugtog ander groepe aangeval wat weer op hul beurt gevlug, geroof en gemoor het. Duisende mense het in die oorloë en aan die gevolge daarvan omgekom.

Koning Shaka

Inhoud

Zoeloe-magsopbou
Ander oorsake
Oorloë
Grootste gevegte
Gevolge
Bibliografie

Zoeloe-magsopbou

Sowat 200 Nguni-stammetjies het in die 18de eeu in die verre noorde van die huidige KwaZulu-Natal gewoon. Die groter en dominerende stamme was die Ndwandwe onder Zwide en die Mthethwa onder Dinigiswayo. Hulle was in 'n voortdurende magstryd gewikkel. Zwide vermoor Dingiswayo. Shaka, die leier van die klein Zoeloestam volg Dingiswayo op, wis die Ndwandwe-leër uit, verenig die Mthethwa met die Zoeloe en regeer daarna in die groot gebied tussen die Pongola- en die Tugelariviere. Shaka bring ingrypende veranderinge in die vergrote Zoeloestam se militêre organisasie aan. Om vroeëre en streekslojaliteit teen te werk en om lojaliteit aan die nuwe stam op te bou, is die regimente verdeel op grond van ouderdom en in militêre krale gehuisves. 'n Kort assegaai en 'n groot skild is ingevoer. Soldate moes voortaan kaalvoet veg en is eers toegelaat om te trou na suksesvolle krygservaring. Dus is die buurstamme een na die ander verslaan en die vroue en kinders van die oorwonnenes by die Zoeloestam ingelyf.

Ander oorsake

Shaka se militêre magsopbou was die primêre rede vir die Mfecane. Die goed geoefende soldate het uitgesien na oorlog en 'n geleentheid om lobola bymekaar te maak. Zoeloeland beskik oor vrugbare grond, weelderige plantegroei, 'n aangename klimaat en goeie weiding. Mededinging om die handel in ingevoerde goedere deur Mosambiek sowel as die ivoorhandel het die stamme op die grensgebiede laat saamtrek. Deur die Portugese het mielies bekend geraak. Dit het 'n beter oes opgelewer as die plaaslik bekende koringsoorte. Aan die einde van die 18de eeu was 'n gevolg hiervan 'n bevokingsontploffing wat weer gelei het tot 'n stryd om voedselbronne, waterbronne en grondhonger. 'n Aantal jare met 'n besonder lae reënval lei tot swak oeste en hongersnood. Die Griekwas, Koranas en blankes het as boere, jagters, smouse, sendelinge en slawehandelaars 'n ontwrigtende rol gespeel in die tradisionele stamlewe van die Afrika-mense. Die oorsaak van die Mfecane kan dus toegeskryf word aan 'n kombinasie van faktore waarvan die opkoms van die Zoeloestam die belangrikste was.

Oorloë



Silkaats

Die aanvalle deur die Zoeloe-impi's lei tot 'n kettingreaksie van geweld en gedwonge migrasies. Stamme is ontwortel, vlug, hergroepeer en herversprei in die binneland van Suider-Afrika. Groepe saai dood en verwoesting soos hulle trek. Stamme vlug oor die Drakensberge na die weste en noorde en verwoes die stamme in hul pad. Vlugtelinge skuil in klowe en word mensvreters, want hele veekuddes en voedselvoorrade tussen die Limpopo en die Oranje-riviere is vernietig.

Moshoeshoe

Die Matabele (“mense met die lang skilde”) onder Silkaats (“pad van vloed”) vlug na die Hoëveld in die omgewing van die huidige Groblersdal. In 1825 is hulle noord van die Magaliesberge. Hier val die Zoeloes hulle aan en wyk uit na Mosega en Kapain. Van hier beweeg die migrerende krygsmanstaat van Silkaats na hul uiteindelike bestemming, Matabeleland, en onderwerp die Sjona. Soshangana vlug met 'n deel van die Ndwandwe na Gaza in Mosambiek. Hulle vermeng daar met die Tsongas en die Tsonga-Sjangaans ontstaan. Die Zwangendaba, 'n deel van die Ndwandwe-groep, vlug na die suide van Tanzanië. Hul nasate in die dele is die Ngoni. Die Ngwani-stam vestig hulle onder Sobhuza in die huidige eSwatini. Vlugtelinge uit die binneland vestig hulle in Barotseland in die weste van die huidige Zambië en stig die Kololo-koninkryk onder Sebetwane. Sotho-stamme van die Hoëveld en die Vrystaat is deur Zoeloe-stamme opgejaag. Moshoeshoe het sy verspreide volksgenote byeengebring op Thaba Bosigo en die staat Lesotho gestig. Daklose en honger vlugtelinge van die Tswana, Sotho, Fingo en noordelike Nguni-groepe het suidwaarts gevlug na die Kaapkolonie. Die Fingo het onder die Temboes en die Xhosas gaan woon. 'n Zoeloeleër kon nie die Pondo verslaan nie. Die Ngwane is deur 'n gekombineerde mag van swartes en blankes teruggedryf.

Grootste gevegte

- April 1818 – Slag by Gqokoliheuwel: die Zoeloes verslaan die Ndwandwe onder Zwide
- 1819 – Slag by Zwindiskraal

- 1818/1819 – Slag by die Mhlathuzerivier, die Zoeloes breek die Ndwandwe-mag
- 1820 – Slag by die Buffelsrivier
- 1823 – Slag by Lithako: die Griekwa teen die Mantati onder MaNtatisi (die enigste groot geveg wat nie swart-teen-swart geweld was nie)
- 1823 – Slag by Dithakong: die Kololo word verslaan en vlug na die samevloeiing van die Zambesirivier en die Kafuerivier
- 1826 – Slag by die Intombirivier

Gevolge

Die Mfecane het in Suider-Afrika invloed gehad op ekonomiese, politieke, sosiale en militêre gebied. Dit het egter van plek tot plek verskil. In die Kaapkolonie was die militêre invloed gering. In 1828 het die Zoeloes 'n gebied van 500 000 vk. km. beheer met 'n krygsmag van 50 000 soldate. Dit het gestrek van die Keirivier tot die Limpopo, en van Botswana tot die see. In Shaka se tyd het die bevolking van KwaZulu-Natal afgeneem van 100 000 tot 10 000 mense. In die oorloë in Suider-Afrika het tot twee miljoen mense omgekom. Gemeenskappe se daaglikse lewe is ontwrig en hele gemeenskappe is uitgewis, weinig vee was oor en vir 'n lang tyd is geen akkerbou beoefen nie. Die menslike lyding was ontsettend. Natal was verwoes en leeg. Dele noord van die Oranje en die Vaal was byna ontvolk. Nuwe outokratiese leiers het swerwende mense betrek in nuwe groot sterk gesentraliseerde stamme waarin die koning en sy verwantskappe 'n groot rol gespeel het. Ou stamme het verdwyn, nuwe ryke is geskep onder nuwe leiers waarvan die bekendste Shaka, Sobhuza, Zwangendaba en Sebetwana was. In die huidige Tanzanië, Zimbabwe, Zambië, Mosambiek, Botswana, Lesotho en die Oos- en Wes-Kaap van Suid-Afrika is die invloed van die Mfecane ervaar. In die oosgrensdistrike van die Kaapkolonie is die akute tekort aan arbeiders deur die vlugtelinge opgelos. Die belangrikste gevolg van die Mfecane vir Suid-Afrika was moontlik die geleentheid wat dit vir die Voortrekkers geskep het om noordwaarts te verhuis. Hierdie verspreiding van die blanke het die rassespanning op die Oosgrens na die binneland verplaas, maar ook die geleentheid gebied vir ruilhandel waardeur die Afrikaner sy invloed asook kennis van landbou kon uitbrei.

Bibliografie

- Ajayi, J. F. Ade (red.): Africa in the nineteenth century until the 1880's. Glosderry: New Africa Books, 2003. (General history of Africa, 6) ISBN 0-85255-096-0
- Pretorius, F. (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika – van voortye tot vandag. Kaapstad: Tafelberg, 2012. ISBN 978-0-624-05466-5
- Standard Encyclopaedia of Southern Africa, deel 9. Kaapstad: Nasou, 1973. ISBN 0-625-00325-X
- van Jaarsveld, F.A.: Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974 – 'n inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Johannesburg: Perskor, 1976. ISBN 0-628-00795-7

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Mfecane&oldid=2388995"

Die bladsy is laas op 26 April 2021 om 07:09 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.